**Skriflesing:** Handelinge 16:1-2 en 2 Timoteus 1:3-5
**Tema:** Moeders se aansteeklike geloof. (Moedersdag boodskap)

Daar is hartseer uitsonderings, maar verreweg die meeste van ons is dankbaar vir die moeders wat ons gehad het of steeds het. Hulle het ‘n verskil in ons lewens maak. So het Timoteus se ma en ouma ook ‘n verskil in sy lewe gemaak.
Timoteus het ’n groot rol in die vroeë kerk gespeel. Paulus moedig hom hier aan terwyl hy, in ons taal vandag, dominee in Efese was. Hy herinner hom aan waar sy geloof begin het: “Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.”

Dit is hoe geloof werk.
**Geloof is aansteeklik.**
Geloof kan nie uitkontrakteur word aan die kerk of skool nie. Dit begin by die huis. Natuurlik is daar mense wat ook op ander plekke die Here ontmoet
Maar die waarheid is dat die meeste mense die Here in hul ouerhuise ontmoet het. Die statistieke waarmee ek opgegroei het, is dat meer as 80% Christene voor die ouderdomvan 14 jaar hul lewens aan die Here oorgegee het. Dit is God se meestersplan.
Maar dit werk nie altyd so nie. Hier sit toegewyde vroue, ouma’s en ma’s wat “worry” oor hul verlore kinders. En vroue soek altyd die skuld by hulself. Moet dit asseblief nie doen nie. Ons kan nie geloof op ons kinders afdwing nie. Ons getuig, God sal oortuig.

Terug by God se meesterplan in Timoteus se lewe. Paulus noem twee vroue: Loïs (sy ouma) en Eunice (sy ma) in sy lewe. Ons weet van die 2 vroue feitlik niks nie. Hul was, soos Paulus, ook Joodse gelowiges. Hulle het waarskynlik hul lewens aan die Here oorgegee tydens Paulus se bediening.
Ons weet die vroue het geleef in ‘n tyd waarin vroue nie formeel onderrig gekry het nie, veral nie in die kerkgebou nie. Maar hul skuil nie agter verskonings soos: “wie is ek nou eintlik?” of: “ek het nie, soos die dominee, 7 jaar geleer nie.”

Loïs se naam word slegs hier in die Bybel genoem. Haar geloof was die beginpunt van ’n geestelike nalatenskap. Van ons is baie bekopmmerd oor wat ons kinders gaan erf. Loïs se nageslag “erf” die belangrikste ding, naamlik geloof, van haar.  Sy wys ook vir ons dat grootouers nooit “afgetree” is uit God se plan nie. Hulle het geloof om oor te dra.

Eunice is getroud met ’n Griekse man wat moontlik nie ’n gelowige was nie. Sy bring vandag steeds hoop vir die vrouens wie se mans nie saam met hulle Here dien. Haar geloof dra oor ten spyte van ’n ongelowige man.

Sy het haar seun in geloof en met die Bybel grootgemaak sodat Paulus in 2 Timoteus 3:15 aan hom skryf: “jy ken van kleins af die heilige Skrif en jy weet wie jou leermeesters was.”

Paulus skryf van Timoteus, sy ma en ouma se opregte geloof. Hoe lyk opregte geloof vandag?

**Opregte geloof lees saam met kinders uit die Bybel.**
Ons lees in Psalm 78:3-4 iets hiervan: “Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie.  Ons sal aan die volgende geslag vertel

van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het.”.

**Opregte geloof is ma’s wat vir en saam met hul kinders bid.**
Ma Monica het vir ongeveer 15 tot 30 jaar gebid en gehuil (verskillende bronne noem verskillende tye, met sommige wat beklemtoon dat sy tot haar dood toe gebid het) vir haar seun, Augustinus.
Haar seun was 'n intellektueel. Hy het 'n wêreldse en sondige lewe gelei, weg van die Christelike geloof waarin sy hom grootgemaak het.
Ten spyte van oënskynlik hopelose omstandighede, het Monica nooit moed opgegee nie.
'n Biskop het haar bemoedig deur te sê: "Dit is onmoontlik dat die seun van soveel trane verlore sal gaan".
Uiteindelik het Augustinus tot bekering gekom. Hy het ‘n biskop en een van die grootste teoloë in die kerkgeskiedenis geword.
Saint of ma Monica se storie dien as 'n voorbeeld vir moeders dat hul trane en gebede "sade van genade" is wat God hoor, selfs al neem dit jare om antwoorde te sien of al sien ons nooit die antwoorde nie.

Susanna Wesley, die moeder van John en Charles Wesley, groot evangeliste en van die stigters van die Methodiste kerk, het, ten spyte van die grootmaak van tien kinders en 'n besige huishouding elke dag tyd gemaak het om vir haar kinders te bid, dikwels met haar voorskoot oor haar kop om net afsondering te vind.

**Opregte geloof is eg.**
Moeders, julle hoef en kan, soos enige ander mens, nie perfek te wees nie. Maar julle moet eg wees.
Ons word gedurig gewaarsku teen bv. vals kar parte. Dit hou net nie. So hou vals geloof vir vertoon voor mense, ook nie. Kinders sien deur skyngeloof.
Wees eg. Laat jou geloof, oorgegee aan Christus en gevul met die Heilige Gees, deel wees van jou DNS.
’n Ma en pa wat Bybel lees en bid en hul geloof leef, leer hul kinders meer as honderd preke oor hierdie sake.

**Opregte geloof steek aan deur verhoudings.**
Verhoudings gebeur waar daar liefde is. ‘n Kind spel liefde – tyd. Ek weet ons leef in ‘n tyd waarin die meeste van ons baie besig is, soms te besig om tyd saam te spandeer. Maar dan maak ons tog tyd vir ons gunsteling reeks, of om te oefen of vir ‘n goeie kuier met jou vriende. Hierdie goed is nie verkeerd nie.
Maar gaan die verskoning dat ons nie tyd het om saam met ons kinders te spandeer nie, dan oor tyd of oor prioriteit?

**Opregte geloof steek aan deur voorbeeld.**
"More is caught than taught." Mense, veral kinders, leer gedrag, waardes en houdings meer deur aksies waar te neem as deur na instruksies te luister.
Opregte geloof roep my kinders in woorde van Paulus in 1 Kor 11:1 op: “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.”

Daar is ouers wat vir hul kinders sê: “moenie maak soos ek maak nie, maak soos ek sê!” Dit gaan nie werk nie. Kinders volg jou voorbeeld.

**Afsluiting**
Daar is te veel ma’s wat skuldig voel. Hulle dink:

- Ek doen genoeg nie.
- Ek bid nie genoeg nie.
- Ek maak te veel foute.

Ek wil by jou, in die naam van die Here, pleit om op te hou met hierdie negatiewe gedagtes.

God gebruik nie  perfekte mense nie, want daar is nie sulke mense nie. Hy gebruik gewone mense, soos ons. Gewone mense wie in opregte geloof oorgegee aan Hom leef en dien.
God vertrou sy kinders aan jou toe en maak, deur jou, ‘n verskil in hulle lewens.
Jy sien dalk nie altyd die vrug nie. Maar jy steek ander aan. Jou gebede maak ‘n verskil. Jou moeite maak die lewe ligter vir ander. Jou geloof verander lewens en uiteindelik die wêreld.
Amen